# BOEKBESPREKING

**Feesbundel Prof. Dr. B. F. Nel.** Saamgestel deur 'n redaksie: P. J. J. du Plessis, J. J. du Toit, C. K. Oberholzer, Claude Smit en H. C. Castelyn. J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1955. 240 bls. Prys 21/-.

In hierdie feesbundel aangebied aan prof. dr. B. F. Nel by geleentheid van sy 50ste verjaarsdag wil „sy kollegas en studente, oud-studente, sy wye vriendekring en die onderwys in die algemeen, hom openlik dank betuig en hulde bring vir wat hy in woord, daad en geskrif tot stand gebring het ter bevordering van die opvoeding en onderwys van ons nasionale jeug".

Die bundel onder redaksie van vyf uit hierdie kringe bied 'n verskeidenheid onderwerpe van die hand van 'n verskeidenheid skrywers uit 'n hele aantal Westerse lande. Benewens 'n lewenskets van die jubilaris, waarin behandel word sy aandeel aan die bevordering van die pedagogiek hier te lande en 'n lys van sy publikasies, is hierin opgeneem artikels oor die prinsipiële opvoedkunde, oor C.N.O., oor opvoedkundig-sielkundige onderwerpe, oor die organisasievraagstuk, onderwyserseleksie en -opleiding, die didakliek, ens. En die skrywers is uit die lande Suid-Afrika, Duitsland, Switserland, Amerika, Engeland, Holland en Vlaandere.

Die bydraes is in verskillende tale geskryf: Afrikaans, Engels, Hollands, Duits en Frans. By elke hoofstuk is daar 'n opsomming in 'n ander taal as die waarin die artikel self geskryf is. Dit maak die werk toeganklik vir 'n betreklik wye leserskring.

Omdat hierin belangrike onderwerpe behandel word deur deskundiges oor 'n wye terrein, is hierdie werk van besondere betekenis vir elke opvoedkundige. Ons wens die redaksie van harte geluk met hierdie onderneming en voeg ook ons goeie wense by hulle s'n aan die jubilaris.

H. J. J. BINGLE.

Potchefstroom.

* * *

**Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Sewentiende jaargang, Deel II. Die Staatsdrukker, 1954.**

Nog 'n deel is deur die uitgawe, hierbo genoem, aan die reeds waardevolle reeks van die *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* toegevoeg, ewe keurig versorg, gedruk en gebind as al die vorige dele.

In hierdie deel onder bespreking verskyn daar drie kortere studies, almal van groot belang vir ons meerdere kennis van die geskiedenis, wat as M.A.-verhandelinge deur verskillende Universiteite in ons land aanvaar is. Agtereenvolgens is dit:

(a) J. I. J. van Rensburg: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu, 1652-1752 (Stellenbosch);

(b) T. S. van Rooyen: Die sendeling Alexander Merensky in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1859-1882 (Pretoria);

(c) A. P. J. van Rensburg: Die Rol deur Landdroste, Vrederegters en Veldkornette in die Distrik Bloemfontein 1854-1880 gespeel (U.O.V.S.).

J. I. J. van Rensburg behandel 'n belangrike fase in die geskiedenis van die wingerdbedryf, wat tot een van die belangrike bedrywe van Suid-Afrika uitgegroei het, en het blykbaar geen moeite ontsien om dokumente met die oog op verkryging van gegewens te fynkam nie. Sy werk vorm 'n mooi, deeglike en afgeronde geheel, goed gedokumenteerd en vlot leesbaar.

T. S. van Rooyen gee 'n baie mooi beeld van die lewe en werk van Merensky, die man wat so 'n belangrike rol in die geskiedenis van die S.A.R. gespeel het. Daarby open hy ook nuwe vergesigte m.b.t. die geskiedenis van die Bantoe in Transvaal en die verhoudinge tussen Bantoe en Boere. Ook hierdie werk getuig van nougesette studie en ernstige navorsing en is vir 'n kennis van die Transvaalse geskiedenis van baie groot waarde. Wetenskaplik en tegnies is dit goed versorg en lees dit baie aangenaam.

A. P. J. van Rensburg ondersoek hier 'n baie belangrike saak. Die rol wat landdroste, vrederegters en veldkornette in die republieke (hiér in die O.V.S.), veral in die wordingsjare van die republieke, gespeel het, is deur geskiedskrywers baie maklik links laat lê. Eintlik was dit hierdie manne, wat met hulle honderd-en-een pligte en verpligtinge, grootliks daartoe bygedra het om die administrasie van die republieke so vlot te laat verloop as wat die geval was. Die grootste deel van die werk handel oor die landdroste (5 hoofstukke) terwyl een hoofstuk elk aan die veldkornet en vrederegter gewy word. Bronne is ryklik geraadpleeg, die stof is goed verwerk en as geheel is die werk tegnies goed versorg. Van Rensburg skrywe 'n aangename styl en het met hierdie werk 'n bydrae gedoen tot die konstitusionele geskiedenis van ons land.

J. S. DU PLESSIS.